

KONINKRYK.

LES 9

1	GEBED
----------	--------------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] 1 SAMUËL 2, 3, 7 en 8
----------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (1 Samuël 2, 3, 7 en 8). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE UIT ROMEINE] (3) ROMEINE 2:5
----------	--

Herhaal twee aan twee:

(3) Romeine 2:5. Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jousef straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.

4	ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE SAAD WAT VANSELF GROEI, DIE SUURDEEG EN DIE MOSTERDSAADJIE
----------	---

“Die gelykenis van die selfgroeïende saad” in Markus 4:26-29,
“die gelykenis van die suurdeeg” in Lukas 13:20-21
en “die gelykenis van die mosterdsaadjie” in Markus 4:30-32 is gelykenisse oor
GROEI IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

“n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

A. DIE GELYKENIS VAN DIE SAAD WAT VANSELF GROEI.

Lees Markus 4:26-29.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die groei van ’n plant is ’n misterie. In die natuur is “groeï” altyd ’n wonderlike geheimenis! Of dit nou gaan oor die groei van plante of bome, diere of mense, niemand kan afdoende uitleg waarom en hoe groei plaasvind nie! Die boer strooi die saad uit oor die saailand, terwyl hy baie goed beseft dat hy die saad nie kan laat groei nie. Hy het geen beheer oor die prosesse van ontkiem, uitspruit, groei, vrug vorm of vrug dra nie. Baie dae en nagte gaan verby waarin die boer niks aan die plante doen nie en tog bly hulle maar aanhou groei! Hy weet nie *hoe* nie! Al wat die boer kan doen, is om te vertrou dat die saad sal groei en om geduldig tot die oestyd te wag. Natuurlik het die boer wel ’n funksie: hy kan die saad met aarde toedek, die onkruid uittrek, die grond loswoel, kunsmis strooi, miskien besproei en teen die brandende son afdek. Al hierdie aktiwiteite is belangrik, maar heeltemal nie bepalend vir die groei nie.

Die saad van ’n plant is ’n potensiële wonder. Heeltemal vanself, sonder enige sigbare oorsaak en sonder menslike toedoen, ontkiem die saad in die aarde, spruit dit uit, vorm ’n lang halm en ’n aar en daarna die volle koring in die aar. Dit is asof God aan die klein saadjie die geheim van groei toevertrou het, sodat dit as ’t ware presies weet wat dit moet

doen, wanneer dit iets moet doen en hoe dit iets moet doen! God het aan die klein saadjie 'n groot potensiele krag of vermoë toegeken!

Die groeistadia. Die oorgang van één groeifase na die volgende groeifase vind so geleidelik plaas dat dit nie met die blote oog waarneembaar is nie. Die boer kan nie aantoon op watter moment die halm in 'n aar ontwikkel of wanneer die rye sade in die aar tot ontwikkeling kom nie. Onder normale omstandighede is “groei” onvermydelik! Niks kan die groeiproses stop nie!

Die oes wys na sukses en oorwinning. Markus 4:29 sê letterlik: “En wanneer die graan ryp is, steek hy (die boer) dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.” Die beskrywing van die oestyd is dramaties: “Dadelik”!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die agtergrond van die gelykenis staan in Markus 4:1-25 en 30-34.

Uit Markus 4:33-34 blyk dit dat toe Jesus die gelykenis van die saaiër in vers 3-9, die gelykenis van die saad wat vanself groei in vers 26-29 en die gelykenis van die mosterdsaadjie in vers 30-32 vertel het, Hy tot die skare gespreek het. Daar staan: “Deur baie sulke gelykenisse het Jesus met die mense oor sy boodskap gepraat, vir sover hulle dit kon verstaan. Sonder 'n gelykenis het Hy nie met hulle gepraat nie, maar wanneer Hy met sy dissipels alleen was, het Hy vir hulle alles uitgelê.”

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Markus 4:26-29.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis. Jesus het hierdie gelykenis nie uitgelê nie. Daarom moet wij die uitleg vanuit die verhaal en vanuit die verband van die gelykenis afgelei word. (Sien E).

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Die saaiër of boer. Sommige Christene glo dat die man of boer in hierdie gelykenis Jesus Christus verteenwoordig, omdat in die gelykenis van die onkruid tussen die koring die saaiër van die koring Jesus Christus is. Maar dit sou beteken dat Jesus Christus nie weet hoe die saad ontkiem, groei en vrug dra nie. Dit sou 'n gedagte aan die gelykenis toevoeg wat vreemd is aan die sentrale of belangrike boodskap van hierdie gelykenis. Dus, in die gelykenis van die saad wat vanself groei is “die saaiër” nie 'n essensiele of relevante detail nie. Hy vertel alleen die verhaal van die gelykenis.

Die saad wat op die land gesaai word. Jesus gee hieraan geen betekenis nie. In die verhaal van die gelykenis is dit die eerste stadium van die groeiproses en as sodanig 'n relevante detail. Die saad moet verwant wees aan die Koninkryk van God, d.w.s., aan God se soewereine heerskappy in die harte en lewens van mense. Dit kan 'n verwysing wees na die Woord van God wat in die harte van mense gesaai word en dan vrug dra (Markus 4:14). Dit kan ook 'n verwysing wees na God se genadige en soewereine werk deur die Heilige Gees in die harte van individue en so die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Johannes 16:8). Of dit kan 'n verwysing wees na God se uitgebreide werk waarin Hy die evangelie en sy Woord van één plek na 'n ander plek en van één volk na 'n ander volk uitbrei (Matteus 24:14).

Die groeistadia van die plant. Die oorgang van één groeistadium na die volgende is met die blote oog nie waarneembaar nie. Die verskillende stadia van die plant: die kiem, die halm, die aar, die volle koring in die aar, word nie deur Jesus uitgelê nie. Hulle versterk alleen die gedagte van die potensiele krag en vermoë van die saad om deur hierdie verskillende te groei tot rypheid (volwassenheid) en die oes. Dus, ons moet aan die verskillende groeistadia van die plant geen spesifieke betekenis toeskryf nie. *Hulle verteenwoordig nie spesifieke identifiseerbare geestelike groeistadia in mense of stadia in wêreld evangelisasie nie.*

Die oes. Netsoos in die gelykenis van die onkruid tussen die kring, laat “die oes ons dink aan die laaste oordeel by die wederkoms van Jesus Christus. Maar Jesus gee geen uitleg aan hierdie detail nie en pas dit ook nie toe nie. Dit versterk alleen maar die gedagte dat God se soewereine werk deur sy Woord in die harte en lewens van mense onweerstandbaar is en deur niks en niemand verhinder kan word nie! Die werk van God sal suksesvol wees en dit sal vrug dra!

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die saad wat vanself groei in Markus 4:26-29 is 'n gelykenis oor “die groei in die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende. “Nie mense nie, maar God alleen sorg vir geestelike groei en die vestiging en vooruitgang van sy Koninkryk, d.w.s. van sy heerskappy in die harte en lewenssterreine van mense op die aarde.”

God se soewereine wil maak dat die Woord van God in die Bybel steeds toenemende invloed gaan uitoefen op die harte en lewens van mense en dus ook op die maatskappye waar mense woon. Hierdie feit is 'n geweldige troos en bemoediging vir Christene. Christene moet geduldig wag op die tyd van die oes, omdat wanneer die oestyd aanbreek, dan kom dit as 'n algehele oorwinning! God se plan met betrekking tot sy Koninkryk moet uitgevoer word en sal baie seker uitgevoer word! Die koms van God se Koninkryk is onweerstaanbaar!

- Die Koninkryk van God is 'n Koninkryk wat nou al aanwesig is – Dit het met die eerste koms van Christus gekom!
- Die Koninkryk van God is 'n Koninkryk wat in voortdurende verandering is. – Dit het steeds meer invloed om harte en lewens van Christene te verander, dit maak hulle steeds meer aan Christus gelykvormig en maak dat hulle steeds meer vrug gaan dra!
- Die Koninkryk van God is 'n Koninkryk wat steeds verder uitbrei – Dit versprei na alle mensegroeperinge en volke op die aarde en na 'n steeds groeiende aantal mense op die aarde!
- Die Koninkryk van God is 'n Koninkryk wat toekomstig is – Dit sal by die wederkoms van Jesus Christus 'n volledige en volmaakte Koninkryk wees. 'n Ontelbaar groot menigte van verlore mense uit elke stam, taal, volk en nasie sal voor die troon van Jesus Christus staan (Openbaring 7:9) en hierdie teenswoordige (ou) aarde sal volkome vernuut word (2 Petrus 3:10-13)!

Die saad groei in ooreenstemming met sy eie inherente, deur God gegewe wette wat die saaiër (boer) nie kan sien nie. So groei ook God se werk in God se Koninkryk in ooreenstemming met God se genadige en soewereine wil!

Één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk is die besef en die erkenning dat God soewerein is. Sy ewige plan/wil word in volkome ooreenstemming van sy mag uitgevoer. Die opregte burgers van God se Koninkryk erken hul volkome afhanklikheid van God. hulle is van God afhanklik vir hul verlossing van begin tot einde en vir hul geestelike groei in elke aspek van die lewe. Hulle is afhanklik van God vir die vestiging van christelike gemeentes oral en vir hul blywende invloed in die maatskappye waarin hulle lewe. En hulle is van God afhanklik vir die uiteindelijke en onweerstaanbare voltooiing en vervolmaking van alle dinge!

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Lees. Jesaja 55:10-11; 14:24,27; Psalm 138:8

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

In Jesaja 55:10-11 staan geskryf: “Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra., sodat daar saad in om te saai en brood om te eet. So sal die Woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigtersake na my toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.” Die woorde van God in die Bybel sal die doele bereik waarvoor God dit uitgestuur het!

So sal God ook sy doel vir elk van sy kinders vervul en Hy sal nooit die werk van sy hande laat vaar nie (Psalm 138:8)! Alles wat God begin, sal Hy ook voortsit en voltooi (Filippense 1:6). Al God se doele sal werklikhede word en niemand kan Hom stop om sy doele uit te voer nie. “De HERE die Almagtige het 'n eed afgelê: Soos Ek my voorgeneem het, so sal dit wees, wat Ek besluit het, sal gebeur. Die HERE die Almagtige het dit besluit: wie sal dit kan verydél? Sy hand is uitgesteek, wie sal die oordeel kan afweer?” (Jesaja 14:24,27).

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

Hierdie gelykenis is 'n waarskuwing teen al te veel menslike entoesiasme, idealisme en ongeduld met betrekking tot die werk van God. Mense vra: “Waarom vestig God nie onmiddellik sy finale en volmaakte Koninkryk in hierdie wêreld nie? Hierdie vraag lei tot ontmoediging, pessimisme, twyfel en die verlies van ywer en volharding. Maar hierdie gelykenis wil weer ons pessimisme in 'n geloofwaardige optimisme en idealisme verander. Waar ons ook saai, daar sal ooit 'n oes wees! Selfs al is daar nog baie wat ons nie begryp nie. God se plan en program kan nie en sal nie faal nie!

Hierdie feit sluit nie uit dat Christene met God moet saamwerk nie (1 Korintiërs 3:6-9). Maar die gelykenis van die saad wat vanself groei lê die nadruk op God se soewereine werk in die harte en lewens van mense. Daarom sê God, “As julle jul bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertrou hê” (Jesaja 30:15). Twyfel nooit in die duisternis oor wat God aan jou in die lig gesê het nie!

B. DIE GELYKENIS VAN DIE SUURDEEG.

Lees. Matteus 13:33; Lukas 13:20-21.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Drie mate meel. Letterlik staan daar: “Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou gevat het en *in drie mate meel* (ANV: 'n grootskottel meel) ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.” “'n Maat” (Aramees of Grieks: sata) word geskat op ongeveer 'n derde efa, of 7.3 liter. Dit is 'n groot hoeveelheid meel, in totaal ongeveer 22 liter (Genesis 18:6; Rigters 6:19; 1 Samuël 1:24).

Suurdeeg. Suurdeeg is 'n fermenterende substansie. Die selle daarvan ontspruit wanneer hulle in kontak met suiker kom en gaan dan gis. Suurdeeg word gebruik om wyn en brood te maak.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die agtergrond van die gelykenis is dieselfde as van die gelykenisse in Matteus 13:3-35 en Lukas 13:18-21.

Dit wys dat Jesus die gelykenis van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaadjie in nou samehang met die gelykenis van die saaiër en die gelykenis van die onkruid tussen die koring vertel het.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 13:33 en Lukas 13:20-21.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis.

Jesus gee geen uitleg aan hierdie gelykenis nie. Die betekenis van die gelykenis moet dus vanuit die verhaal en die verband afgelei word. (Sien E).

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge. Elke keer as Jesus sê, “Die Koninkryk van God is soos” dan leer Hy aan mense wat daar gebeur tydens die heerskappy van God nou op hierdie aarde en wat daar gaan gebeur in die Koninkryk van God in sy definitiewe fase by die wederkoms van Christus. Op die laaste oordeelsdag sal al die gebeurtenisse wat in die gelykenisse beskrywe staan al plaasgevind het. Dit beteken dat mense wat vandag lewe betrokke word by die gebeurtenisse wat in die gelykenisse beskrywe word! Elke gelykenis van Jesus Christus het 'n boodskap vir jou en my vandag!!!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis is essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Die suurdeeg. Die suurdeeg is 'n relevante detail, omdat Jesus die Koninkryk van God daarmee vergelyk. Maar hierdie detail word verskillend uitgelê deur verskillende Christene. In die Bybel kan 'n bepaalde simbool 'n goeie of 'n slegte betekenis hê, afhanklik van die verband waarin dit staan. Byvoorbeeld, die simbool van “'n slang” is *sleg* in Genesis 3:13, omdat dit daar die satan verteenwoordig wat Eva mislei het om te sondig. (Die slang is ook 'n slegte simbool in Psalm 140:3; Spreuke 23:32, Jesaja 27:1, Matteus 23:33, 2 Korintiërs 11:3 en in Openbaring 12:9). Maar die simbool van “'n slang” is goed in Numeri 21:8, omdat dit daar Jesus Christus wat aan die kruis verhoog is, verteenwoordig

(Johannes 3:14). So ook verteenwoordig die simbool “leeu” die satan in 1 Petrus 5:8 en Jesus Christus in Openbaring 5:5.

Netso is die simbool van “suurdeeg” *sleg* in Matteus 16:6, waar Jesus teen die onderrig van die fariseërs en Sadduseërs waarsku. Hul onderrig het bestaan uit menslike pogings om geregverdig (gered, verlos) te word deur hul godsdiens wat bestaan het uit die uiterlike onderhouding van honderde mensgemaakte wette. Hulle het ’n hekel gehad aan volkome toewyding aan die waarheid en die geregtigheid. Jesus noem hul onderrig en godsdiens ‘suurdeeg’, omdat die slegte invloed van hul onderrig langsaam en byna ongemerk deurgedring het tot die lewens van mense. Die simbool “suurdeeg” het ook ’n *slegte* betekenis in 1 Korintiërs 5:6-8, waar die apostel Paulus die verkeerde soort van roem met betrekking tot die besit van bepaalde geestesgawes afwys, omdat dit interne verdeeldheid en selfs seksuele immoraliteit in die gemeente veroorsaak het. Die belangrikste ondeug van die Christene in Korinte was hul geestelike hoogmoed.

Maar in die gelykenis van “die suurdeeg” het die simbool “suurdeeg” ’n goeie betekenis. Jesus leer duidelik dat “die suurdeeg” die Koninkryk van God, d.w.s., die koningskap van Jesus Christus wat in die harte van Christene erken word en in hul lewens gemanifesteer word, verteenwoordig. “Suurdeeg” het die eienskap om te gis, totdat dit hele klomp deeg deursuur. Dus, “suurdeeg” verteenwoordig die transformerende invloed van die Koninkryk (of koningskap) van God in iemand se lewe!

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die suurdeeg in Lukas 13:20-21 is ’n gelykenis oor “die groei van die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Wanneer die koningskap van God eenmaal in die hart van ’n Christen gevestig is, sal dit sy proses van invloed aanhou totdat dit alles verander en vernuut het!”

Hierdie gelykenis lê die nadruk op die inwendige groei van die Koninkryk van God (sien Lukas 17:21). Die heerskappy van God in die harte van Christene sal elke terrein van hul persoonlike lewe beïnvloed en hul verlos, bewaar en elke aspek van hul persoonlikheid, karakter, gedrag, verhoudings, werk en bediening herskep (verander en vernuut).

Eén van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk is die besef en die erkenning van die soewereine werk van God in die inwendige groei van sy Koninkryk. Die regte burgers van God se Koninkryk erken die soewereiniteit van God in alle sake met betrekking tot die inwendige groei van sy Koninkryk (koningskap). Die definitiewe en volmaakte fase van die Koninkryk van God sal deurdring tot die hele persoonlikheid van almal wat deel sal wees van die nuwe hemel en de nuwe aarde. Christene sal volkome gelykvormig aan Jesus Christus (in sy menslike natuur) wees (2 Korintiërs 3:18; 1 Johannes 3:1-3).

C. DIE GELYKENIS VAN DIE MOSTERDSAADJIE

Lees Matteus 13:31-32, Markus 4:30-32; Lukas 13:18-19.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die mosterdsaadjie. Hierdie saad kom oorspronklik uit Egipte en is die kleinste saadjie wat in ’n tuin gesaai word. Spreekwoordelik is “die mosterdsaadjie” ’n aanduiding vir alles wat aan die begin baie klein is. Alhoewel die mosterdsaadjie aan die begin klein en sonder betekenis is, groei dit tot ’n groot boom.

Die mosterdboom. In Palestina is die mosterdboom ’n groot struik en kan tot ’n hoogte van vyf meter groei. In die herfs word sy takke hard en stug sodat allerlei voëls daarin kom skuil. Die Bybel sê, “Word dit ’n boom sodat die voëls in sy takke kom nes maak”. Dus, die voëls soek ’n skuilplek teen ’n storm, vind skaduwee teen die hitte van die son en rus daarin uit. Die voëls eet ook die klein swart saadjies wat hulle ees van die peule losmaak, maar hierdie eienskap word nie in die gelykenis genoem nie. Dus, alles saamgevat is die mosterdboom ’n fantastiese plek om jou tuis te voel!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die agtergrond van die gelykenis is dieselfde

as die agtergrond vir die ander gelykenisse in Matteus 13:3-35 en Lukas 13:18-21.

Dit toon aan dat Jesus die gelykenis van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaadjie in nou samehang met die gelykenis van die saaiër en die gelykenis van die onkruid tussen die koring aan die skare vertel het.

(2) Die verhaal van hierdie gelykenis staan in Matteus 13:31-32, Markus 4:30-32 en Lukas 13:18-19.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis.

Jesus gee geen uitleg aan hierdie gelykenis nie. Die gelykenis moet dus vanuit die verhaal en uit die verband afgelei word. (Sien E).

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Die mosterdsaadjie. Dit is 'n relevante detail, omdat die Koninkryk van God met die mosterdsaadjie vergelyk word. Omdat die mosterdsaadjie die kleinste van alle saadjies van tuinplante is, verteenwoordig dit die onbeduidende klein begin van die Koninkryk van God in die wêreld.

Die mosterdboom. Dit is ook 'n relevante detail, omdat dit 'n nuttige boom geword het. Omdat die mosterdboom 'n woonplek ('n tuis) gee aan die voëls in die lug, verteenwoordig die mosterdboom die geweldige groot resultate van die Koninkryk van God in die wêreld.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die mosterdsaadjie in Markus 4:30-32 is 'n gelykenis oor “die groei van die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende. “Alhoewel die Koninkryk van God 'n onbeduidende klein begin gehad het, groei dit totdat dit die grootste resultate in die wêreld het!”

Hierdie gelykenis lê die nadruk veral op die sigbare en uiterlike groei van die Koninkryk van God (sien Matteus 24:14). Die heerskappy van God in die harte en lewens van Christene sal uiteindelik elke lewensterrein beïnvloed. Dit sal baie ander mense in die wêreld red (verlos), hulle bewaar en die gesinslewe, die onderwys, die gesondheidsinstellings, die owerheid, die regstelsel, die industrie en handel, ens. vernuwe. Dit sal lei tot die stigting van nuwe gemeentes orals in die wêreld en die bekering van 'n ontelbaar aantal mense in alle ander godsdienste, lande en kulture.

Een van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God is die besef en die erkenning dat die uitwendige groei van God se Koninkryk die soewereine werk van God is. Die ware burgers van God se Koninkryk erken God se soewereiniteit in alle sake wat betrekking het op die uitwendige uitbreiding van die Koninkryk van God. Die Koninkryk van God in sy definitiewe fase sal alles in die nuwe hemel en die nuwe aarde omvat. Alle dinge in die heelal en op die aarde sal onder één Hoof, Jesus Christus, gebring word (1 Korintiërs 15:25; Efesiërs 1:10). Christene uit al die verskillende volke in die wêreld sal die heerlikheid en eer van hul kultuur in God se Koninkryk inbring (Openbaring 21:24-27). Hulle sal elke gedagte gevange neem om dit aan Christus gehoorsaam te maak (2 Korintiërs 10:3-6). Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit in die Koninkryk van God in sy definitiewe en volmaakte fase inkom nie (Matteus 13:41; Openbaring 21:27).

D. 'N VERGELYKING TUSSEN DIE DRIE GELYKENISSE VAN GROEI

Ontdek en bespreek. Hoe kan hierdie drie gelykenisse met mekaar vergelyk word?

Aantekeninge.

(1) Die gelykenis van die saaiër.

Lees Markus 4:3-9. Hierdie gelykenis lê die nadruk op die verantwoordelikheid van die mens met betrekking tot die saad, die Woord van God. Die saad kan nie ontkiem, groei en vrug dra nie, tensy dit in goeie grond val. Dit beteken dat die evangelie of die boodskap van die Nuwe Testament alleen vrug sal dra as die hart van die mens goed daarop reageer. Die mens het altyd die verantwoordelikheid om goed te reageer op die Woord van God. Eendag het 'n wetgeleerde aan Jesus gevra, “Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” Jesus het aan hom gesê: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?” Hy het toe geantwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste as jouself.” Jesus het hom toe geprys en uitgedaag: “Doen dit en jy sal die lewe verkry” (Lukas 10:25-28). Die prediker of leraar van God se Woord moet nie alleen die Woord van God uitlê nie, maar altyd die toehoorders uitdaag om gunstig te reageer op die Woord van God!

(2) Die gelykenis van die saad wat vanself groei.

Lees Markus 4:26-29. Hierdie gelykenis lê die nadruk op die soewereiniteit van God met betrekking tot die saai of vestiging en vooruitgang van die Koninkryk van God deur sy Woord en sy Gees. Geen mens, maar God alleen sorg vir die fisiese groei in sy skepping en vir die geestelike groei in sy Koninkryk! God alleen sorg vir die vestiging en vooruitgang van sy koningskap in die harte en lewensterreine van mense. Deur sy soewereine wil kry die geestelike

saad, die Woord van God, 'n steeds kragtiger invloed in die harte van mense en daardeur ook in die menslike maatskappye.

(3) Die gelykenis van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaadjie.

Lees Markus 4:30-32 en Matteus 13:31-34. Die gelykenis van die saaiër en die gelykenis van die saad wat vanself groei lê die nadruk op wat die mens behoort te doen en op wat God doen met betrekking tot sy Woord op die gebied van geestelike groei en die dra van vrug. Die gelykenisse van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaadjie, egter, lê die nadruk op die geweldige resultaat van geestelike groei as 'n mens met God saamwerk.

Filippense 2:12-13 sê letterlik: “Daarom ... moet (bevel) julle aanhoudend (onvoltooid teenwoordige tyd) julle eie verlossing met vrees en bewoë (van begin tot einde) uitwerk (Grieks katēgazomai), want dit is GOD wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.” Dus, wanneer jy besig is om jou eie verlossing uit te werk (die gelykenis van die saaiër), omdat God in jou werk (die gelykenis van die saad wat vanself groei), dan sal oorvloedige inwendige groei (die gelykenis van die suurdeeg) en uitwendige groei wat bly uitbrei (die gelykenis van die mosterdsaadjie) die definitiewe resultaat wees! Die gelykenis van die suurdeeg lê die nadruk op die inwendige groei (transformasie, verandering) wat die heerskappy van God in die harte en lewenssterreine van mense teweegbring. En die gelykenis van die mosterdsaadjie lê die nadruk op die uitwendige groei (uitbreiding) wat die heerskappy van God in elke land in die wêreld teweegbring.

E. 'N SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKE LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR GROEI IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

Bespreek. Wat is die belangrike lesse of boodskappe van die gelykenisse oor groei? Wat leer Jesus Christus aan ons om te weet, te glo, te wees en te doen?

Aantekeninge.

(1) Die belangrike boodskap.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenisse oor die groei van die Koninkryk van God is die volgende: “Wanneer die goeie reaksie van 'n mens op God se Woord saamwerk met God se onweerstaanbare werk in sy hart en lewe, sal oorvloedige innerlike groei in sy hart en lewenssterreine en uitwendige groei wat bly uitbrei op elke terrein van die menslike maatskappy die resultaat wees.”

Filippense 2:12-13 sê, “Daarom ... moet julle aanhoudend julle eie verlossing met vrees en bewoë (van begin tot einde) uitwerk, want dit is GOD wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil (doel, bedoeling) uit te voer.” Wanneer 'n mens gewillig saamwerk met God se soewereine werk in hom, dan is oorvloedige groei die gevolg!

Die gelykenis van die saaiër lê die nadruk op die juiste menslike reaksie (respons) ten aansien van God se Woord (die Bybel). Die gelykenis van die saad wat vanself groei lê die nadruk op die onweerstaanbare soewereine werk van God deur sy Woord en Gees in mense in die wêreld. Die gelykenis van die suurdeeg lê die nadruk op die inwendige groei (transformasie, verandering) wat deur die soewereine heerskappy van God in die persoonlike lewens van mense tot stand kom. En die gelykenis van die mosterdsaad lê die nadruk op die uitwendige groei (uitbreiding) wat deur die soewereine heerskappy van God in die hele menslike maatskappy in die wêreld tot stand kom.

(2) Geestelike groei is 'n geheimenis.

Markus 4:26-27 praat oor die geheimenis of misterie van groei. Niemand kan die geheim van fisiese of geestelike groei volledig verklaar nie. Mense neem wel groei en die dra van vrugte waar, maar is nie in staat om mense te laat groei of vrug te dra nie. Johannes 15:5 sê baie duidelik dat 'n mens uit homself “niks (wat ewige waarde het) kan doen nie”. 'n Mens kan alleen tot God keer met 'n waaragtige geloof as God hom die genade en krag (vermoë) gee om dit te doen. Hy kan hom nie bekeer nie tensy God hom eers (van bo) laat wedergebore word nie (Jeremia 31:18; Johannes 3:3-8; 1 Korintiërs 4:7; Efesiërs 2:8; Filippense 1:29; 2:12-13; 4:13).

Dit is alleen deur die soewereine wil van God dat God se woorde in die Bybel 'n steeds kragtiger invloed op die harte en lewenssterreine van mense en op die menslike maatskappye in die wêreld kry. Christene kan die evangelie aan verlore mense verkondig en verlore mense tot dissipels van Jesus Christus maak. Maar Christene kan nie mense laat wedergebore word nie, kan nie hulle laat groei nie en kan nie hulle vrugte laat dra nie. God alleen sorg vir hierdie soort van groei (1 Korintiërs 3:5-9)! Christene moet God se werk oorlaat aan God en hul vertrouwe stel op God en sy werk in die harte en lewens van mense!

(3) Die Woord van God het enorme potensiële krag.

Markus 4:28 praat oor die potensiële krag van die saad, d.w.s., van die Woord van God. Sonder enige menslike hulp weet die Woord van God presies wat dit moet doen, wanneer dit iets moet doen en hoe dit iets moet doen (Jesaja 55:10-11)! Die Woord van God werk op 'n onweerstaanbare en soewereine wyse in die harte van mense (Jeremia 23:28-29; Hebreërs 4:12). Die Woord van God versprei van één mens na 'n volgende en van één volk na 'n ander volk (Handelinge 19:10,20). Die Woord van God laat sy krag en invloed steeds meer voel op elke lewenssterrein (1 Petrus 1:22 - 2:3). Daarom wy Christene hul toe om die Woord van God te verkondig (te versprei) en te sorg dat die Woord van God op elke lewenssterrein as gesin, gemeente, owerheid, onderwys, landbou, industrie, handel en massa media, ens. herken, erken en selfs gehoorsaam word.

(4) Die oes by die wederkoms sal die uiteindelijke oorwinning wees.

Markus 4:29 spreek oor die uiteindelijke oorwinning by die oes aan die einde van die wêreldgeskiedenis. Die volledige oorwinning van die Koninkryk van God is absoluut seker! Die oes kom steeds digterby. Op die tyd wat deur God bepaal word, sal Jesus Christus terugkeer, almal in die wêreldgeskiedenis wat in Jesus Christus glo voor die troon van sy heerlikheid in die lug (1 Tessalonisense 4:17) byeenbring (Matteus 25:31-33) en ná die laaste oordeel met die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde neerdaal (Openbaring 21:1-5). Dan word die Koninkryk van God in sy definitiewe fase 'n werklikheid. God se plan en program met betrekking tot sy Koninkryk moet uitgevoer word en sal heel seker uitgevoer word!

(5) Die Koninkryk van God word van buite af gevestig deur die Woord te saai.

Die gelykenis van die saaiër, die gelykenis van die onkruid tussen die koring, die gelykenis van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaad leer aan almal dat telkens wanneer Jesus Christus as Verlosser en Here (Koning) in menslike harte en lewens inkom, dit gebeur deurdat die Woord van buite af ingesaai word! Niemand kan homself aan sy eie hare optrek nie! So kan ook niemand in die Koninkryk van God indring deur sy eie plannetjies, metodes en inspannings! Niemand kan langs 'n ander trapleer (van die wet, van godsdienstige of goeie werke of van godsdienste) opklim na God toe nie. God neem die soewereine inisiatief en trek mense na Jesus Christus (Johannes 6:44,37). God neem die inisiatief om iemand na ander mense uit te stuur om die saad van die evangelie te saai. Hulle verkondig die evangelie voordat ander met geloof en bekering daarop kan reageer (Handelinge 13:46-48; Romeine 10:14-17; Efesiërs 2:8; Filippense 1:29). God werk onweerstaanbaar om deur sy Heilige Gees die saad van God se Woord te laat ontkiem, te laat groei en vrugte te laat dra (Jesaja 55:10-11; 2 Tessalonisense 2:13-15).

(6) Die Koninkryk van God werk van die binnekant na die buitekant.

Die gelykenis van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaad leer dat die soewereine heerskappy van Jesus Christus van die binnekant na die buitekant werk wanneer dit eenmaal deur die Woord van God en die werk van die Heilige Gees in die hart van 'n mens gevestig is! Die heerskappy van Jesus Christus in sy hart en lewe sal aanhou invloed te hê totdat dit alles verander en vernuwe het. “Die Koninkryk van God is (letterlik:) binne in julle (ANV: hier by julle)” (Lukas 17:21). Dit dring deur tot elke aspek van die wese van die Christen en lei tot die verandering van sy denke, motiewe, houdinge, persoonlikheid en karakter; en van hoe hy praat en hom gedra, sy verhoudings en bedieninge netsoos suurdeeg die hele klomp deeg deursuur. Die “Koninkryk van God binne in julle” oefen sy invloed uit op jou persoonlike lewe, op jou omstandighede, jou familielewe, jou lewe in die maatskappy netsoos die mosterdboom 'n woonplek word vir allerlei voëls in die lug.

Die koningskap van Jesus Christus is besig om elke terrein van die menslike lewe op die aarde te verower. In 2 Korintiërs 10:5 stel die apostel Paulus die doel vir elke Christen arbeider as volg: “Ons vernietig die (valse) redenasies (argumente teen die Bybel, Christus en Christene) af en elke hooghartige aanval (die pretensies en aansprake van nie-Christene) wat teen die kennis van God (die Bybel) gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” Die Koninkryk van God bring nie alleen mense in 'n persoonlike verhouding tot God nie, maar het die bedoeling om elke gedagte te onderwerp aan God se heerskappy in ooreenstemming met die gedagte van Jesus Christus. Die Koninkryk (koningskap) van Christus bring steeds meer tonge wat Jesus Christus as Here (Koning) bely en steeds meer knieë wat voor Jesus Christus as die Here (Koning) buig (Filippense 2:9-11).

Die groot resultaat in die Koninkryk van God in die wêreld is dat elke aspek van die menslike kultuur en menslike ondernemings 'n seën van God begin te word. Nie alleen die Kerk/Gemeente nie, maar ook die wetenskap, kuns, literatuur, onderwys, landbou, handel, industrie, owerheid, justisie en alle ander menslike ondernemings begin 'n seën te word deur die aktiwiteite van Christene in die maatskappy! Gedurende die hele christelike geskiedenis het Christene groot invloed gehad op die totstandkoming van hospitale, die sorg vir gestremdes, die afskaffing van die slawerny, die herstel van die regte van die vrou, menseregte, die opheffing van armoede, die onderwys aan ongeletterde mense, ens. Christene het 'n groot invloed op die bevordering van eerlikheid en die weerstand teen korrupsie in alle vorms in die owerheid en sakewêreld, die behandeling van krygsgevangenes, die werkersklasse en die onbevoorregte mense in die maatskappy. Die Koninkryk van God bevorder waarheid, liefde, heiligheid, trou, opregtheid, moed, geregtigheid, ens. op die hele aarde! Die Bybel leer nie dat hierdie ideale omstandighede volledig bereik sal word vóór die wederkoms van Christus nie. Alleen deur die swaar gebeurtenisse by die wederkoms van Jesus Christus, sal die Koninkryk van God in sy definitiewe en volmaakte fase (vorm) tot stand kom! Intussen vind die groei van die Koninkryk van God plaas deur die verkondiging van die Woord van God en deur die gehoorsaamheid van Christene aan die Woord van God.

(7) Die uitwendige manifestasie van die koninkryk van God vind geleidelik plaas.

Die gelykenis van die mosterdsaad leer dat die Koninkryk van God slegs baie klein begin, maar dat hierdie onbeduidende begin tot groot resultate lei. Hierdie “geheimenis” of “misterie” (Matteus 13:11) het verdere verduideliking en nadruk nodig.

Die troue volgelinge van Jesus Christus is soms erg ongeduldig. Relatief gesproke was hul groep so klein en swak dat dit hulle dikwels tot byna wanhoop gedryf het. Soms het Christene gesoek na revolusionêre veranderinge en heftige, skokkende gebeurtenisse wat nou of gou moes plaasvind (Matteus 21:8-9; Lukas 9:54; Johannes 6:15; Handelinge 1:6). Hulle het verwag dat Jesus Christus nou of gou sou terugkeer om die hele wêreld om te keer, sy volk in sy Koninkryk byeen te bring en sy vyande te vernietig (sien Matteus 3:10-12).

Miskien het hulle gedink aan die Ou-Testamentiese profesieë oor die verheerliking van Israel, Israel se uitbreiding na die volke en Israel se wêreldwye invloed gedurende die messiaanse periode (Genesis 22:17-18; Psalm 72:8-11; sien Jesaja 54:2-3; Jesaja hoofstuk 60-62; Jeremia 31:31-40; 32:36-44; Amos 9:11-15; Miga 2:12-13; 4:1-8; Miga hoofstuk 5; Sagaria hoofstuk 2; 8:18-23, ens.). Byvoorbeeld “Baie volke sal kom, groot nasies, om in Jerusalem na die wil van die Here die Almagtige te vra, om Hom te raadpleeg. So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle” (Sagaria 8:22-23). Toe die Jode en die volgelingen van Jesus Christus later oor hierdie Bybelgedeeltes in die Ou Testament nagedink het, het hulle dit dikwels uit sy verband getrek en uitgelê sonder die lig van die Nuwe-Testamentiese openbaring aangaande Israel.

Dieselfde Ou Testament leer dat geestelike groot resultate voortkom uit 'n klein begin (sien Jesaja 1:8-9; 11:1; 53:2-3; Esegïel 17:22-24; Daniël 2:34-35,44; Sagaria 4:10). Byvoorbeeld: “So sê die Here my God: Ek vat die top van die hoë seder weg en plant hom, Ek pluk die sagte boonste toppie af en plant hom op 'n hoë berg. Ek plant hom hoog op die bergland van Israel waar hy takke sal maak en saad sal skiet. Hy sal 'n pragtige seder word, en in hom sal al die voëls woon; al wat vlerke het, sal in die skaduwee van sy takke nes maak. Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is. Ek maak groot bome klein en klein boompies groot, Ek laat groen bome verdroog en droë bome bot. Ek, die Here, het dit gesê en Ek sal dit doen.” (Esegïel 17:22-24).

Die waarheid dat die Koninkryk van God vanuit 'n baie klein heel begin sal groei tot groot resultate word in die Nuwe Testament bevestig. Lukas 12:32 sê: “Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die Koninkryk aan julle te gee.” En in 1 Korintiërs 1:26-31 lees ons: “Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam., en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie.”

Die gelykenisse oor groei in die Nuwe Testament leer dat God se heerskappy van genade bestem is om vorentoe te gaan en steeds meer mense en hul harte en lewensterreine te oorwin, ongeag hoe verag en onbenullig hulle aan die begin skyn te wees. Hulle spoor die volgelingen van Jesus Christus aan om geduldig te wees, te bly glo en te gehoorsaam, te volhard om te bid en die evangelie te verkondig, omdat God se plan en program nie kan en nie sal faal nie! Wanneer die evangelie van die Koninkryk (die koningskap van Jesus Christus) van God in heel die wêreld gepredik is tot 'n getuienis vir al die nasies, sal die einde definitief kom (Matteus 24:14)!

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

- Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
- Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die saad wat vanself groei, die gelykenis van die suurdeeg en die gelykenis van die mosterdsaad” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **1 Samuël 15, 16, 17 en 18**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
- Memorisering. (4) Romeine 2:15. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
- Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 3:1-20**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
- Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.